Lees **Lukas 19:1-10** – die bekende storie van Saggeus wat in die boom geklim het om Jesus te kan sien.

*Wat staan vir jou uit in hierdie storie?*
*Wat klink 'n bietjie vreemd?*
*Wat vertel dit vir ons van Saggeus? Van Jesus? Van die ander mense?*

# LUKAS 19:1-10

'Jesus het Jerigo binnegegaan en deur die stad gestap. En kyk, daar was 'n man met die naam Saggeus. Hy was 'n hooftollenaar en 'n ryk man. **Hy het probeer om te sien wie Jesus is, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy kort was. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te sien, want Hy sou daar verbygaan**. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly.” Saggeus het toe haastig afgeklim en Jesus met blydskap in sy huis ontvang. Almal wat dit gesien het, het gemor en gesê: “Hy gaan by 'n sondige man tuis.”

# LUKAS 19:1-10

Maar Saggeus het gaan staan en vir die Here gesê: “Kyk, Here, ek gee die
helfte van my besittings aan die armes, en as ek van iemand iets afgepers
het, gee ek dit viervoudig terug. ” Jesus het vir hom gesê: “Vandag het daar
verlossing vir hierdie huis gekom, want ook hy is 'n seun van Abraham. Die
Seun van die Mens het gekom om diegene wat verlore is, te soek en te
verlos.” '

# GENADE



Saggeus se storie is een van genade.

Jesus kies om by ‘n sondaar te eet; Jesus se genade kom nog voordat Saggeus geld terugbetaal of die armes bedien.

Jesus se genade en goedheid is iets wat ons nie verdien nie, wat nie sin maak volgens wêreldse standaarde nie.

Jesus klop aan ons deur en wil graag saam met elkeen van ons kom aansit vir ete – dit is die wonder van die evangelie! (Openbaring 3)

Jesus se ”verkeerdom” koninkryk word regdeur Lukas uitgelig – Hy kom na weduwees, vroue, armes, kinders, kortes, uitgeworpenes – en kom verhef hulle – soveel anders as die wêreld!



Verbeel jou vir ‘n oomblik hoe het Saggeus gelyk toe hy as ryk, kort mannetjie met ‘n hoë posisie hardloop en in ‘n boom klim om Jesus te sien.

Waarskynlik belaglik.  Hy was bereid om verneder te word, uitgelag te word, sy eie trots opsy te skuif… Ter wille van die waarheid van Jesus Christus wat die moeite werd was.

Hy het beslis uitgestaan!

*Watter kwaliteite dink jy is deesdae baie skaars om te vind in ons samelewing?*
*Watter voorbeelde kan jy aan dink van persone wat ten spyte van beledigings, teenkanting, “wat die mense sê” uitstaan en opstaan vir hul geloof?*



Verbeel jou vir ‘n oomblik hoe het Saggeus gelyk toe hy as ryk, kort mannetjie met ‘n hoë posisie hardloop en in ‘n boom klim om Jesus te sien.

Waarskynlik belaglik.  Hy was bereid om verneder te word, uitgelag te word, sy eie trots opsy te skuif… Ter wille van die waarheid van Jesus Christus wat die moeite werd was.

Hy het beslis uitgestaan!

*Watter kwaliteite dink jy is deesdae baie skaars om te vind in ons samelewing?*
*Watter voorbeelde kan jy aan dink van persone wat ten spyte van beledigings, teenkanting, “wat die mense sê” uitstaan en opstaan vir hul geloof?*



# KINDERLIKE GELOOF

Saggeus het beskik oor ‘n **kinderlike geloof** – onbeskaamd, passievol, sonder verskonings, onverskrokke.

*Hoe sal jy kinderlike geloof beskryf?*
*Hoe dink jy het ons as grootmense kinderlike geloof ontgroei?*

Ons kinders moet leer om onbeskaamd ‘n volgeling van Jesus te wees, al verloor hul maatjies of is nie gewild nie.  Volwassenes moet leer om weer te glo in die bonatuurlike, onmenslike, wonderbaarlike wonder van Jesus en agter Hom aanhardloop, ons hande oplig, Hom aanbid al staan ons soms alleen en is dit swaar.

Lukas 1:38 – NIKS, maar NIKS is vir God onmoontlik nie.  Ons moet onverskrokke Christene wees!



In die storie van Narnia deur CS Lewis gaan die vier kinders op ‘n ongelooflike avontuur saam met die leeu Aslan (wat God verteenwordig). Hy maak hul oë oop vir ‘n nuwe wêreld en gee vir hulle hoop.  Maar toe die kinders aan die einde van die storie moet oorstap na Aslan se koninkryk, bly Susan, die oudste sussie, agter.  *Wat kan die rede wees?*

Sy het volgens Lewis “groot” geraak - sinies, pessimisties, sonder hoop en nie meer geglo in wonderwerke en die dinge van Narnia nie.

*Susan did not go to heaven in Narnia because she had stopped believing in Narnia, considering her adventures there to be childish games. By the end of the series, she had become more interested in worldly things like "nylons and lipstick and invitations" and was no longer a "friend of Narnia". Her disbelief and rejection of Narnia are why she was not with her siblings when they entered Aslan's country.*


Kleingelowigheid is nie nederigheid nie.

Ons moet wel klein en nietig voor die Here wees (kort en sondig soos Saggeus), maar ons hoef nie terug te trek, skaam en verskonend te wees nie.

Ons dien ‘n groot God!

*Wat dwaas en sinneloos en verspot vir die wêreld lyk…. Is die moeite werd, want Jesus is waar!*

*Die wonder is toe al die tyd waar!  Jesus het werklik opgestaan en daarom kan ons glo soos ‘n kind!*


BURNING HEARTS
BE A FOOL
FOR CHRIST

I'M A FOOL
FOR CHRIST
WHO'S FOOL
ARE YOU?



*Dink jy volwassenes het hul vreugde in die evangelie verloor?*

Ons sien dikwels dat mense hul vreugde op verskillende ander plekke probeer soek. Hulle raak VERVEELD met hul Christenskap... *Kan jy aan sulke voorbeelde dink?*

Ons sien ook dat party ander Christene hul geloof as swaar en moeilik ervaar. Hulle is SUUR en NEGATIEF. .. *Kan jy aan sulke voorbeelde dink?*

Saggeus se storie herinner ons daaraan dat ons nooit die WONDER van die WAARHEID moet verloor nie – die evangelie van Jesus Christus breek deur die skynbaar normale en vermag die onmoontlike! Vind jou vreugde in Hom!



VERVEELD

SWAAR



*Dink jy volwassenes het hul vreugde in die evangelie verloor?*

Ons sien dikwels dat mense hul vreugde op verskillende ander plekke probeer soek. Hulle raak VERVEELD met hul Christenskap… *Kan jy aan sulke voorbeelde dink?*

Ons sien ook dat party ander Christene hul geloof as swaar en moeilik ervaar. Hulle is SUUR en NEGATIEF. .. *Kan jy aan sulke voorbeelde dink?*

Saggeus se storie herinner ons daaraan dat ons nooit die WONDER van die WAARHEID moet verloor nie – die evangelie van Jesus Christus breek deur die skynbaar normale en vermag die onmoontlike! Vind jou vreugde in Hom!

Lees **2 Korintiers 11:16-30.**



# GEBED

## FILIPPENSE 4:6

